die wapad

DEEL XVI — DONDERDAG, 28 MEI 1959 — NR. 9

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P. U. VIR C. H. O.

# A.S.B. of FEDERASIE?

## Ope Mandaat aan S.R.

Die studentemassa het tydens die onlangs gehoue massavergadering 'n ope mandaat aan die Studenteraad gegee insake die kwessie van Federasie van Studenterade. Stellenbosch het tydens die jongste A.S.B.-kongres te Pretoria 'n voorstel ten gunste van Federasie ingedien.

Twee inleiers het die standpunte soos dit op die A.S.B.-kongres na vore getree het, gestel. Mnr. J. D. van der Vyver het hom uitgespreek teen die stigting van so 'n federasie terwyl Mnr. Dirk Postma ten gunste daarvan gepraat het. Hierdie bespreking het slegs plaasgevind om die massa op hoogte te bring van die onderskeie menings wat deur die verskillende Universiteite oor die saak gehuldig word en verteenwoordig nie noodwendig die standpunte van die sprekers nie.

Mnr. Van der Vyver het eerstens gestel wat Stellenbosch se besware is teen die A.S.B. in sy huidige vorm. Tydens die afgelope kongres het Stellenbosch weer die probleem van innerlike teenstrydigheid binne die A.S.B. na vore gebring: die A.S.B. wil tegelyk 'n seksioneel-kulturele strydorganisasie en 'n verteenwoordigende studenteliggaam wees, en dit terwyl nie al die studente wat daaraan behoort hulle op die grondslag van die A.S.B. stel nie. Die A.S.B. is gestig as Afrikaner studente-organisasie toe die volk 'n krisistydperk beleef het. Die krisis in die volk is nog nie verby nie, soos Stellenbosch wil beweer. Stellenbosch se argument dat die gunstige houding wat Rhodes teenoor 'n voorstel van nouer samewerking ingeneem het, verval nadat die studentemassa van Rhodes hierdie besluit van hul Studenteraad verwerp het.

### SAMEWERKING

Mnr. Dirk Postma het verklaar dat samewerking as 'n eenheid deur die universiteite gesoek moet word. Die A.S.B. besef dit wel, en wil offisieel skakel met anderdenkendes en Bantoes. Dit beoog ook die stigting van Studentebonde vir Engelssprekende en Bantoestudente. Stigting van Studentebonde vir Bantoes sal egter moeilikhede meebring deurdat vir elke etniese groep 'n afsonderlike Studentebond gestig sal moet word, en dit sal onprakties wees. Die vraag ontstaan nou of die A.S.B. kan skakel met organisasies wat nie Studentebonde is nie, bv. met Studenterade. Die antwoord is nee. Organisasies waartussen skakeling geskied, moet gelyksoortig wees. Die universiteite moet offisieel met mekaar kan skakel. Die beoogde Federasie moet egter geen grondslag hê nie, sodat die deure vir almal oopgegooi kan word. So 'n Federasie sal makliker met Engelse federasies en moontlike Bantoe federasies kan skakel. Hierdie moontlikheid word tans deur die A S.B. se grondslag uitgesluit.

Die saak is hierna deeglik bespreek en standpunte ten gunste van en teen Federasie is genoem.

### GRONDSLAG

Die vraag is gestel of die P.U. met 'n federasie sal kan saamwerk waarvan die grondslag nie Christelik-nasionaal is nie. Nog 'n spreker het dit daarteen dat, as slegs die Federasie sou bestaan, wat op geen grondslag gefundeer is nie, die verenigde standpunt wat dan in die buiteland gestel sal word, geen verteenwoordigende standpunt sal wees nie.

Die A.S.B. poog om presies dieselfde te doen as wat Stellenbosch met die federasie beoog, nl. nouer samewerking tussen groepe. Die A.S.B. moet sy eie identiteit behou en voortgaan om samewerking te soek met andersdenkendes. Die Afrikaanse studente moet eers gekonsolideer word en dan moet na eenheid geskakel word met andersdenkendes — Engelssprekende- en Bantoestudente.

Aangesien die Engelse studente Nusas nie maklik sal verlaat nie, dink Stellenbosch daaraan om Nusas oor te neem. Engelse studente sal nie binne die A.S.B. met Afrikaanse studente saamwerk nie, maar binne 'n federasie is dit wel moontlik. So kan dan moeilikhede en probleme wat die blanke raak, uitgepluis word en uitspraak gegee word. Slegs een standpunt sal dan in die buiteland gestel kan word.

### VOORDEEL

Nog 'n voordeel van federasie sal wees dat geen lid hom sal hoef te vereenselwig met besluite wat deur die federasie geneem sal word nie; eie besluite kan geneem word. As die P.U. inskakel by die federasie, sal hy nogtans sy eie identiteit kan behou deur, waar dit beginsel- en beleidsake raak, daarteen te stem, maar andersins sy stem uit te bring ter bevordering van studentepolitiek, skakeling met andersdenkendes, ens.

### GEEN ALTERNATIEF

Die saak kan egter ook so gesien word dat daar geen alternatief tussen die A.S.B. of Federasie hoef te bestaan nie. Met die Federasie word iets anders beoog as met die A.S.B., en gevolglik kan die twee naas mekaar bestaan. Die federasie vorm 'n skakel tussen alle studente en die studente kan dus met 'n verenigde stem na buite praat. So kan die federasie aanvaar word om belangrike verskille te oorbrug en die A.S.B. en Nusas kan bly voortbestaan. Deur die federasie kan dan skakeling verkry word.

# STUDENTERAAD REIK VERKLARING UIT

Na afloop van die spesiale massavergadering wat verlede Dinsdagaand agter geslote deure gehou is, het die Studenteraad 'n persverklaring uitgereik waarkragtens dit blyk dat die studente die regering se beleid van eiesoortige ontwikkeling vir blank en nie-blank steun.

Die vergadering wat bygewoon is deur sowat 700 studente is belê om aan die studente die geleentheid te bied om hulle standpunt duidelik te stel na aanleiding van skewe voorstellinge in veral die Engelstalige pers.

Die volgende verklaring is deur Mnr. Hennie van der Walt, voorsitter van die S.R., uitgereik:

„Die studente van die P.U. vir C.H.O. stel na aanleiding van onlangse berigte, artikels en korrespondensie in die pers waarby die naam van die Universiteit in die gedrang gekom het, die volgende:

### SPYT

„Die studentegemeenskap gee sy spyt te kenne dat as gevolg van die weergawe in die pers van die onlangse gebeure, die naam van ons studentegemeenskap in die gedrang gebring is en twyfel gewek is aangaande die oortuiging en rigting van ons studente.

„Dit lê nie op die weg van 'n studentevergadering as sodanig om hom uit te spreek oor die persoonlike standpunte politiek en andersins, van dosente of ander studente nie.

### VEREENSELWIG

„Ons studente vereenselwig ons volkome met die Christelik-nasionale beleidsrigting wat aan hierdie universiteit tradisioneel eie is. Daar bestaan geen skeuring binne die studentegeledere ten opsigte van die tradisionele beskouing van eiesoortige ontwikkeling van blank en nie-blank in Suid-Afrika nie en die studentegemeenskap spreek hom as geheel uit ten gunste van die beleid van die Regering in die verband.

„Daar bestaan, veral in die pers, nie genoegsame kanale waarlangs in die kring van die breë publiek 'n vrugbare wisseling van gedagtes (wat in mindere of meerdere mate mag verskil) oor 'n bepaalde beleidsaak mag plaasvind nie."

# AFRIKAANSE TAALFEES

## Totius en die Bybelvertalers

ALLE REËLINGS IS REEDS GETREF VIR DIE POTCHEFSTROOMSE TAALFEES WAT DONDERDAG OM 2 NM. BEGIN MET 'N OPTOG EN HISTORIESE VOORSTELLING DEUR SIERWAENS IN DIE STRATE VAN POTCHEFSTROOM EN OP OLËNPARK. DIE HOOGTEPUNT VAN DIE FEES WORD DONDERDAGAAND BEREIK WANNEER KORE, PRAATKORE EN VOORDRAGTE IN DIE TOTIUSGEDENKSAAL GELEWER SAL WORD. IN HIERDIE VERRIGTINGE SAL STUDENTE VAN DIE P.U. VIR C.H.O. EN P.O.K. DIE LEIDING NEEM.

Die hooftema van die Taalfees is Totius en die Bybelvertalers. Prof. dr. G. Dekker sal dan ook 'n toespraak hieroor lewer. Nog 'n rede sal gevoer word deur Prof. dr. S. du Toit wat sal praat oor die Triomf van Afrikaans.


### ELKE FASET

Die voorstellings sal 'n beeld bied van elke faset van die wording van die Afrikaanse taal. Fases wat uitgebeeld sal word, is die landing van Jan van Riebeeck (Volkskool), die nie-blanke faktore en elemente wat eerste ingewerk het op die taal, nl. Hottentots, Maleis-Portugees en Bantoe (Landboukollege), beïnvloeding deur Frans en Duits (P.U. vir C.H.O.), die vorming van Afrikaans in die 18de eeu (P.O.K.), die koms van die Engelse en hulle bydrae (Handelskool) en die G.R.A. en die Patriot (P.O.K.).

Uiteindelik sal die voorstelling en die daarmee gepaardgaande kommentare kulmineer in die hooftema: die

(Vervolg op bl. 5)

## WOLKEKAMER en KOSMIESE TELESKOOP




Die Wilson-Wolkekamer waarmee die direkte paarvorming van /u-mesone ondersoek word. W=wolkekamer, K = outomatiese kamera, L=35 cms. loodplate.

INLAS: Die kosmiese teleskoop. Die foto toon duidelik die boonste telbuise met die 132 cms. lood daaronder. Mnr. C. R. Smith van die instrumentmakery staan by die teleskoop.

(Artikel op bl. 3)

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92
POTCHEFSTROOM
Telefoon 1389.

ONS SPESIALISEER IN DRAG VIR JONG DAMES, VERAL

KERKDRAG
Nomottawol
IN VOORAAD.






W. LINDEQUE
'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!
Kerkstraat 64 Telefoon 1280

SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!





MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!"



Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge

Die Bult Apteek
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091





JANET says:
for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS
Take me to the —
Grand Cafe,
President Cafe,
or Van Riebeeck Cafe.





DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

Mooirivier-Apteek
205. Kerkstraat
Telefoon 380.


Adverteer in DIE WAPAD

## Belangrike Boeke

Drie belangrike boeke oor die „Wonder van Afrikaans" het so pas die lig gesien. Hierin word antwoord gegee op die vraag: Wat is nou eintlik die wonder van die taal, en wat is die posisie van die taal in die staatsdiens, onderwys, musiek, handel, radio, pers, tegniese gebied, ens.?

Die eerste heet DIE WONDER VAN AFRIKAANS en is saamgestel deur Dr. M. S. du Buson, sekretaris van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Dit is verkrygbaar by die Voortrekkerpers teen 15/6.

Die tweede werk is die Akademie se FEESBUNDEL (1909—1959) wat op kunspapier gedruk is en talle foto's en artikels bevat. Dit kos 30/-.

'n Derde werk wat meer die taalkundige aspek belig, is saamgestel deur Dr. G. J. Labuschagne en is by die F.A.M. verkrygbaar teen 21/-.

## Fees in Pretoria

Die hoogtepunt van die Taalfees in die noorde word Saterdagaand by die amfiteater te Pretoria bereik. Die geskiedkundige presidentskoets kom om drie-uur by die feesterrein aan en sal deur Mnr. T. W. S. Meyer en Mnr. J. A. Gerber, onderskeidelik sekretaris van die F.A.K. en sekretaris van die reëlingskomitee, in ontvangs geneem word. 'n Paar uur later sal die Eerste Minister, Dr. H. F. Verwoerd, wat die hoofrede sal lewer, in die koets aankom. Die koets is verseker vir £2,500.

Versversings sal verkrygbaar wees en die amfiteater sal verwarm word.

## Totiusboom

Een van die hoogtepunte by die Witrivierse skool tydens hulle taalfees vind Vrydag plaas wanneer 'n tak van 'n treurwilg daar geplant word. Die skool wil graag 'n Totiusboom plant, en Estrarte, die Letterkundige Vereniging van die Universiteit, het toe na 'n klein seremonie by die Mooirivier 'n tak afgesaag van een van die bome waaronder die digter, Totius, dikwels rondgewandel het.

Die tak is per trein versend.

## Korps Publikasie

Die Publikasie-Komitee van Korps het hulle eerste werkstuk van vanjaar voltooi nl. die publisering van 'n artikel van prof. dr. S. P. v.d. Walt oor die aktuele vraagstuk: Die Vrymesselary.

Bondig en kernagtig word die waarskuwing aan die Christendom gerig: „Die Christendom moet hierdie beweging met sy idee van harte beveg, omdat dit gelykskakeling meebring. Die Christendom leer dat die mens gered word deur genade, deur die geloof in die verdienste van Christus".

'n Oplaag van 10,000 eksemplare is gedruk en sal gratis versprei word. 'n Beroep word veral op die studente gedoen om aandag aan hierdie saak te gee.

## A.S.B. Reik Hand Aan Natal

Op Dinsdag 21 April, is nog 'n voorwaartse stap deur die A.S.B. geneem toe 'n tak van die Bond ten spyte van baie probleme aan die Durbanse Onderwyskollege gestig is.

Die Afrikaanse studente in Natal staan nie geïsoleerd van die Afrikaanse studentegemeenskap nie en aangesien die ander studente-organisasies geen werklike tuiste aan hulle bied nie, reik die A.S.B. nou sy hand tot hulle.


die wapad

Redaksie en Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode | 1566. |
| | en Frans van der Vyver | 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren | X041. |
| | en Bets Coetzee | 0013. |
| SPORT | Eddie van der Westhuizen | X041. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611 |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe | 19. |
| | en Marieke van der Merwe | 281. |
| TEGNIESE ADVISEURS | Gouws Oberholzer | 2162 |
| | en Henning Botha | X042 |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
DONDERDAG, 28 MEI 1959




# REDAKSIONEEL
## VERBODE LEESSTOF

'n Bydrae word vandag gelewer tot die Afrikaanse Taalfees. Daar is in die jongste tyd heelwat geredekawel oor die onderwerp STUDENTETAAL—so byvoorbeeld in **Die Huisgenoot** onder 'n opskrif met die strekking: „Die gemors wat studente praat"; iemand op die jongste A.S.B.-kongres het ook 'n lywige sê gehad oor dieselfde onderwerp.

En nie sonder rede nie.

Dis jammer. Want Afrikaans is inderdaad 'n mooi taal—so plasties en woordryk, en dit leen hom so geredelik tot **gebruik.**

Dis tog jammer dat ons so 'n statiese bewondering het vir daardie **superieure** extra long range high velocity non corrosive all weather fulleblend virginia Afrikaans-Engels Engêls-Afrikaans **wit**—wat tog so min dinkwerk vereis.

Die mengsel lol om naderhand te boemerang.

En dan is jy besmeer.

Arrie nee! Noem 'n ou wat so effens stadig is om die konsekwensies van 'n saak in te sien—noem hom Servasie Misreën. Onmiddellik doem die kêrel voor jou op, al korrelende met sy oë op skrefies getrek om die **uiters** vae buitelyne van sy omgewing te probeer onderskei deur die newels van 'n tipies Suid-Afrikaanse misreëntjie.

Wil jy nou meer!

Nee, die ou tongval van ons het 'n eiesoortige en akkurate slaankrag.

En wat 'n kostelike bydrae kan 'n studentegemeenskap met sy skerp waarnemingsvermoë nie tot die uitbou van hierdie taal lewer nie!

## In U Lig

### „Hy Praat Darem Nonsens"

(Jak. 1 : 19)

„So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word . . ."

Met 'n meningsverskil in ons universiteitsamelewing oor sake van groot belang vir ons volk, is in die laaste tyd dikwels gehoor dat iemand 'n ander daarvan beskuldig dat hy „nonsens" praat. In hierdie omstandighede is die woorde van Jakobus van groot belang.

Broeders in die Here word vermaan om gou te wees om te luister, dit wil nie sê na Gods Woord alleen nie, maar ook na die woorde van medemense. Ek moet luister na die Woord van God en op grond van daardie uitsprake moet ek standpunt inneem wanneer ek kom voor die krisisse en keuses wat in die lewe van elke mens voorkom. Maar ek moet ook deeglik kennis neem van die standpunt van 'n ander mens voordat ek daaroor 'n uitspraak doen.

Nadat ons dan deeglik op hoogte is met die saak, moet ons stadig wees om te praat. Oor die Woord van God mag ons nie ligsinnig praat nie, en dieselfde geld vir die woord van ons naaste. Eers wanneer ons deeglik geluister het, kan ek oordeel oor 'n standpunt, maar dan moet daardie oordeel gegrond wees op dit wat ek gehoor het toe ek geluister het. Maklik is dit om 'n persoon te verdoem op grond van eie vooroordele teen die persoon of sy saak, moeilik is dit om jou standpunt eerlik te toets aan die inherente waarde van die standpunt van 'n andersdenkende en die Woord van God.

Wanneer jy dan geluister het na Gods Woord en die standpunt van 'n ander, moet jy stadig wees om toornig te word, „want die toorn van 'n man bewerk nie geregtigheid voor God nie" (v. 20). Slegs wanneer die woorde en dade van iemand stry met Gods Wet en doelbewus die majesteit van God skend, mag ons toorn teen so iemand. Maar selfs dan moet ons nog met beskeidenheid toorn, want dit is net Gods genade wat ons daarvan behoed om God en ons naaste nog feller te haat. Vir hierdie gevalle geld die woord van die Spreukedigter: „ 'n sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom" (Spr. 15 : 1).

D. C. COETSEE.




U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit

ALF'S STUDIOS

KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432





Claustrophobia ?

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —

KOM NA

PRO REGE PERS

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT


**Ondersteun Ons Adverteerders**

## Bernard Venter . . .

**Die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. is diep geskok deur die skielike en onverwagte afsterwe Maandagoggend om twee uur van Bernard Venter, tweedejaar B.A.-Admissiestudent.**

**Bernard is op 23 November 1939 te Kroonstad gebore en was die enigste seun van sy ouers. Hy het op Henneman in die Vrystaat gematrikuleer. Sy ouers woon tans in Fort Jameson, Noord-Rhodesië, en na veel moeilikheid om hulle te skakel, het die polisie hulle uiteindelik bereik. Sy vader was betyds om hom te sien, maar sy moeder, wat erg aan skok ly, het hom nie weer gesien nie.**

**Hy was 'n jongman wat onwrikbaar vas op sy beginsels gestaan het, 'n man van oortuiging, 'n man wat sy roeping waardig was. Sy stille beskeidenheid, sy opregte minsaamheid en sy ingewortelde opregtheid het van hom 'n krag gemaak: 'n krag wat uit sy sterk en mooi gevormde persoonlikheid gestraal het.**

**As student was hy briljant, intelligent en in staat om 'n saak helder deur te sien; in die omgang altyd vriendelik en minsaam, met 'n vriendelike woord aan elkeen. In die Admissiebond sal hy gemis word; as voorsitter van die Evangeliesasiekomitee, sal die krag en leiding wat van hom uit gegaan het, 'n leegte in die K.J.V. laat. Vir die Kerk sou hy met sy rotsvaste beginsels en geloof in die bediening veel kon beteken.**

**Ook as sportman het hy hom as alsydig onderskei. Nie alleen in voetbal het hy uitgeblink nie, maar was ook 'n kranige tennisspeler.**

**Die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. betuig hiermee hulle opregte meegevoel met die familie en naasbestaandes van ons ontslape medestudent.**

### Navorsingsprojekte (2)

## WILSON-WOLKEKAMER EN KOSMIESE TELESKOOP

Wanneer 'n hoë-energiedeeltjie soos 'n /u-meson deur vaste stof, bv. lood, beweeg, bestaan die moontlikheid dat die /u-meson 'n gedeelte van sy energie kan verloor om 'n elektron en 'n positron te vorm, terwyl die /u-meson dan nog self bly voortbestaan. Hierdie verskynsel staan bekend as die direkte paarvorming van /u-mesone. Dit word tans in die Fisika-laboratorium deur mnr. G. P. de Beer en mnr. C. Hofmeyr onder leiding van prof. P. H. Stoker met behulp van 'n Wilson-wolkekamer ondersoek.

Die apparaat is deur mnr. J. J. Kruger gebou. Op die foto kan die Wolkekamer duidelik gesien word. Die wolkekamer word volkome outomaties deur elektroniese apparaat beheer. Bokant die wolkekamer self is 'n aantal telbuise gerangskik; in die kamer is verskeie loodplate, en direk onder is weer 'n aantal telbuise. Wanneer 'n deeltjie nou deur die boonste telbuise, die wolkekamer, die 35 cms. lood en die onderste lood beweeg, word die apparaat in werking gestel. Die onderste telbuise dien om te verseker dat die deeltjie 'n energie van tenminste 500 Mev besit.

As 'n /u-meson met hierdie energiewaarde deur die kamer beweeg vind die volgende plaas: In die kamer is alkohol en waterdamp aanwesig. Die hoë energie /u-meson ioniseer dan die gas in die kamer. Wanneer die deeltjie die onderste telbuise bereik het en die apparaat dus in werking gestel word, word die druk in die kamer outomaties verlaag. Hierdie drukverlaging laat die damp in die kamer oorversadig raak, en kondensasie vind plaas. Aangesien die /u-meson deur die loodplate in die kamer beweeg het, kon 'n elektron en 'n positron gevorm gewees het. Indien dit wel plaasgevind het, sal die elektron en positron verskillende weë volg na verstrooiing deur die lood. Op hulle — sowel as die /u-meson — se baan, sal die gas in die kamer geïoniseer word, en kondensasie vind dan op hierdie ione plaas, aangesien oorversadigde damp eers op ione sal kondenseer voor dit op gasmolekules sal plaasvind.

Op dieselfde oomblik wanneer die druk in die kamer verlaag word, neem 'n outomatiese kamera wat voor die kamer opgestel is (en op die foto gesien kan word) 'n foto van die kamer. Indien die /u-meson 'n elektronpaar gevorm het, kan die bane van die /u-meson, die elektron en die positron duidelik op die foto gesien word. Hieruit kan dan hulle energie bepaal word. Die moontlikheid dat 'n /u-meson wat deur 'n vaste stof beweeg, 'n elektronpaar kan vorm, word dus ook vasgestel.

Met die kosmiese teleskoop wat op die boonste verdieping van die Fisika-laboratorium gehuisves word, word die rigtingsafhanklikheid van /u-mesone in die atmosfeer ondersoek. Hiermee word bepaal of die neerslag van /u-mesone op 'n bepaalde punt eenvormig gedistribueer is uit die atmosfeer en of uit sekere rigtings die neerslag groter is.

Die apparaat wat gebruik word om dit na te gaan, is gebou deur mnr. J. A. M. de Villiers in samewerking met mnr. G. C. Snyman, en is op die 4de Januarie 1958 vir die eerste keer gebruik. Op die oomblik word die navorsing deur mnr. Snyman gedoen. Die apparaat bestaan uit 'n teleskoop wat die /u-mesone opvang en elektroniese apparaat wat die hoeveelheid /u-mesone wat deur die teleskoop beweeg het, registreer en klassifiseer volgens hulle energiewaardes.

Die teleskoop kan horisontaal en vertikaal gestel word (sien foto) sodat dit in 'n sekere rigting na die atmosfeer gerig is. Aan die bokant van die teleskoop is twaalf Geiger-telbuise kruis en dwars oor mekaar gerangskik. Hieronder is 132 cms. loodplate waarna daar weer twaalf telbuise gerangskik is, met 'n verdere 40 cms. lood en nog 12 telbuise daaronder. Wanneer /u-mesone met energie van omtrent 1.5 Gev nou op die boonste telbuise val, word dit geregistreer en dring deur die lood daaronder tot by die volgende telbuise waar dit weer registreer. Indien die deeltjie egter genoeg energie gehad het, kon dit ook deur die 40 cms. lood gedring het en heel onder geregistreer het, of dit kon in die lood verlore geraak het. Al hierdie gegewens word deur die elektroniese apparaat geklassifiseer. So word 'n maksimum en minimumwaarde van die energie van die deeltjies verkry en die ondersoek word so bepaal tot /u-mesone met energie van ± 1.5 Gev.

Die teleskoop word in 'n bepaalde rigting vir 24 uur gestel en alle /u-mesone wat in daardie tyd geregistreer is, word outomaties grafies voorgestel. Die eksperimentele gegewens dui daarop dat die meeste /u-mesone vanuit die Ooste afkomstig is. Dieselfde resultate is verkry deur Russiese navorsers.

## Die Duitse Liriek —Prof. Brandt

Prof. dr. P. A. Brandt, wat prof. H. G. Schulze as hoof van die Departement Duits opgevolg het, het Vrydagaand verlede week sy inougurele rede in die hoofgebousaal gehou. Die onderwerp van prof. Brandt se rede was: „Die Duitse liriek omstreeks 1750 en vandag".

Prof. Brandt het sy skoolopleiding



aan die Pretoriase Ooseindskool geniet, waarna hy die B.A.-graad met Duits en Latyn as hoofvakke en die Meestersgraad in Duits aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege behaal het. In 1928 is hy vir verdere studie na Duitsland waar hy aan die Universiteite van Heidelberg, Berlyn en Leipzig sy studie verder gevoer het. In 1931 promoveer hy onder leiding van prof. H. A. Korff aan die Universiteit van Leipzig met 'n proefskrif oor die drama van die naturalisme.

Na verwerwing van die Hoër onderwysdiploma aan die Universiteit Pretoria in 1932, tree hy tot die onderwys toe. Onder andere was hy ook verbonde aan die Hoër Gimnasium. Hierna is hy in 1946 benoem as lektor in die Departement Duits van die P.U. vir C.H.O.

Prof. Brandt se grootste belangstelling is die Duitse drama en liriek en hieroor het hy al verskeie publikasies die lig laat sien.

# WÊRELDBEROEMDE SANGERES KOM POTCH. TOE

DIE BEFAAMDE OPERASANGERES, HANLIE VAN NIEKERK, BESOEK EERSDAAGS POTCHEFSTROOM. HANLIE HET HAAR KINDERJARE HIER IN WES-TRANSVAAL DEURGEBRING EN REEDS OP DIE OUDERDOM VAN 4 JAAR HET SY BESONDERE MUSIEKAANLEG VERTOON EN LATER VEROWER SY TALLE EERSTE PRYSE MET KUNSWEDSTRYDE DEUR DIE LAND. NA HAAR MATRIKULASIE SKRYF SY IN AS DRAMASTUDENT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. HIERNA GAAN SY NA JOHANNESBURG, EN NEEM HAAR SANGSTUDIES 'N AANVANG ONDER DIE BEROEMDE MADAME OLGA RYSS. SY OES NOU VINNIG LOF IN EN ONDER REGIE VAN HAAR ONTDEKKER, PIERRE DE WET, VERTOLK SY DIE HOOFROLLE IN TWEE VROEË AFRIKAANSE MUSIEKROLPRENTE.

Na drie jaar van toegewyde studie onder Madame Ryss tree sy in die huwelik. Later, as moeder van drie seuns, sit sy haar studies in Johannesburg weereens voort onder Madame Ryss. Vervolgens kom sy tot die moedige besluit om na Europa te gaan vir verdere stemontwikkeling en 'n loopbaan te soek in die wêreld van die „Grand Opera".

**Hanlie van Niekerk**

ONS BESOEKSTER

Aan die Weense Konservatorium het Hanlie binne een enkele jaar die sesjaarkursus met spesiale onderskeiding voltooi en getuig hiermee dat sy op die gebied van stemreproduksie en dramatiese vertolking 'n uiters belowende student is. Geen wonder dat die Weense Konservatorium ons Hanlie noem: „Suid-Afrika se waardevolste uitvoerproduk." Nog as student van Professor Peter Klein maak sy etlike plaatopnames en tree talle kere voor die beeldradio op.

Hanlie begin haar lourierkranse inoes wanneer sy talle aanbiedinge van Europe se bekendste operahuise ontvang, maar sy maak eers haar werklike operadebuut in 1958 in die staatsoperahuis van Bonn. Dit was 'n reuse sukses en as gevolg van haar uitmuntende vertolking van **Antonia** in „Die Verhale van Hoffman" bestempel die kritici haar as 'n sangeres van wêreldformaat. Die grootste lofuitinge begroet ook haar vertolkings van die rolle van **Ilia** in die „Idemoneo" van Mozart en **Alice** in Verdi se „Falstaff".

Hierdie vermaarde sangeres onderneem tans 'n toer deur die Unie en sal 'n totaal van 17 uitvoerings gee. Potchefstroom is weereens onder die bevoorregtes, en op 5 Junie sal Hanlie van Niekerk onder beskerming van die P.U. musiekvereniging 'n uitvoering in die Totius Gedenksaal lewer. (Plekbespreking: Pro Rege.)

Aan die einde van Junie sal sy terugkeer na Oostenryk waar sy aanstaande jaar aan die staatsopera van Kassel verbonde sal wees. Hopelik sal sy weer in Suid-Afrika optree tydens die Uniefees van 1960.




**REBA-KAFEE**

**Tomstraat 88**

DORS?

HONGER?

Bestorm ons om kronies versadig te raak.


**BRIEWE**

# Stereofoniese Klank

Geagte redaksie,

Waar u gelukgewens kan word met die algemene standaard van die stof in u blad, is dit jammer dat u 'n artikel moes publiseer soos die een onder „Kunsbrokkies" van u vorige uitgawe. Ek praat oor „Wat is stereofoniese klank". Om te skryf dat die klank met behulp van luidsprekers opgeneem word, is klaarblyklik 'n flater. Tot dusver is mikrofone vir die doel gebruik.

Om verder te stel dat die twee verskillende klankbane aan die twee kante van die groefies opgeneem word, was 'n raaiskoot, en nie so suksesvol nie. Nader aan die waarheid sou wees dat dit geskied deur 'n kombinasie van laterale (d.i. heen-en-weer) en vertikale (op-en-af) beweging oor die groefie. E.g. metode word aangewend in die monaurale opnames en lg. (d.i. die vertikale tipe) in die transkripsie-tipe opnames wat alleen in die radiowese gebruik word.

Wanneer stereo-plate gespeel word op gewone draaitafels, word 'n geruis veroorsaak a.g.v. vertikale vibrasies van die draaitafel. Hierdie vibrasies (gewoonlik afkomstig vanaf die motor) beïnvloed nie die klankgehalte by die gewone opnames nie, maar wel by die stereo-opnames, waar die vertikale beweging wel 'n rol speel. Om dus sonder meer die plaat-oppervlak die skuld te gee vir die geruis, is dus 'n skoot in die donker. Gaan speel die plaat op 'n perfekte draaitafel, en luister weer vir die geruis.

Verder gaan die skrywer vir ons twee plate „sterk aanbeveel", terwyl daar 'n hele aantal opnames is wat tegnies gelykstaande (en in sommige gevalle beter) is as die genoemde twee. Dit lyk so of die skrywer nie van ander opnames kennis gedra het as van dié wat hy by die besondere plaathandelaar gehoor het nie.

Ek hoop dat my brief 'n paar probleme kon opklaar vir lesers wat miskien deur die artikel verwar is.

Dankie vir plasing,

J.M.

Die betrokke redaktrise antwoord soos volg.—Red.

Die betrokke artikel waarna die geagte korrespondent verwys, was bedoel om as „kunsbrokkie" te wys op die belangrike bydrae en ontwikkeling wat teweeggebring word deur stereofoniese klank by die reproduksie van veral sekere tipes instrumentale musiek. Met die oog hierop, asook beperkte plaasruimte, is die tegniese informasie waarop die korrespondent wys, nie noodsaaklik beskou **vir die doel voor oë** nie. Lesers wat hierin belangstel, kan die besonderhede nalees in 'n pamflet opgestel deur die tegnici van die wêreldwye Philips-organisasie, fabrikante en verspreiders van sowel musiekapparaat as plate, nl.: **„Philips presents Stereo"**. Hulle stel die fundamentele prinsipe van stereofoniese plaatopnames, met verwysing na die klanke opgeneem deur die twee mikrofone vir die twee klankbane, as volg (miskien ietwat populêr?) voor: „These two signals are then amplified and separately recorded on the two sides of the record groove wall".

Die opmerking van die korrespondent m.b.t. luidsprekers in plaas van mikrofone is **ad rem**—dit was vanselfsprekend 'n jammerlike fout; wie die betrokke artikel noukeurig lees, sal wel merk dat soos dit tans gedruk is, paragrawe vier en drie **nie** sinvol aaneenskakel nie.

Die geruis wat op enkele opnames gehoor is, is nie te wyte aan ontoereikende apparaat vir die speel van stereofoniese opnames nie; daarvan kan die korrespondent homself deur 'n persoonlike toets gaan oortuig. Die fout lê by die betrokke plate (let wel: **nie alle** opnames uit die betrokke beskikbare seleksie plate

(Vervolg op bl. 5)


„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei • **WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK**

asook • **KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP**

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"



**CENTRAL CASH STORES**

**SUPER MARKET**

**Bespaar Geld!**

ONS IS EERSTE MET DIE SELFBEDIENINGSKEMA

**Bedien uself!** **Bespaar Tyd!**

**SELFBEDIENING**

**. . . en sien wat u koop.** **Hierdie is die moderne koers**

**Telefoon 164/1167** **Wolmaransstraat 81**

**POTCHEFSTROOM**



Vir daardie **hol gevoel** op die maag bak ons die
**HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES**

**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 61



**PUKKE.....**



Vir julle **BLERKASTE** en ander **ELEKTRIESE BENODIGDHEDE**

**W. J. SPAVINS en SEUN**
Kerkstraat 101 Tel. 185



**Die Bult Haarkappers en Juweliers**
**TOMSTRAAT 86A**
Die BESTE ADRES vir HERSTELWERK aan HORLOSIES


## Tussen Ons Gesê

Das Herbst moes die Intervarsity uitgawes van Die Wapad op sy skouers neem hierdie keer. Nesco was uit sirkulasie—Yvonne het vir hom kom kuier!

* * *

Uit betroubare bron is verneem dat die prys van vleispasteitjies verlede Saterdag skielik verhoog is na ses oulappe stuk. Het die gehalte vleis verbeter of is elektriese krag duurder om hulle warm te hou?

* * *

Die Dore wens dis meer dikwels Intervarsity—dis glo lekker om in die vierkant te eet waar daar geen oudames is om die atmosfeer te strem nie.

* * *

Sielkundiges is besig met ondersoek i.v.m. Prof. Bossie se draadmania. Hierdie stappe is geneem aangesien die aantal drade en kettings op die terrein steeds toeneem.

* * *

Aan al die dames wat hierdie jaar mondig geword het en nog gaan word, ons hartlike gelukwense. Toemaar, name sal verswyg word—ons besef dat 'n passiewe ouderdom vir die volgende paar jaar bereik is.

* * *

Attie van der Lecq glo daaraan dat mens jou vriendekring moet uitbrei.

* * *

Magda Roets en korfbal raak nou sinoniem. Om Wes-Tvl. en Puk te speel is nogal uitputtend, né?

Die Kovsies vuurpyl ons mos—ek wonder wat sal gebeur as ons hulle „satelliet" (soos die Russiese hond)?

Intervarsity! Die hoogtepunt van 'n week se slepery sing-songs toe! **Wilma Hoogenwindt** en **J. W. Sauerman** het dit bewys met 'n kys. **Jan de Beer** en **Etta Scheepers** bewandel ou paaie. Moet net nie dink Etta se kys wat verlede week in DIE WAPAD was, was 'n „weeping statement" nie, dit was werklik so. Die lewe darem!

Volgende keer gee ons die volledige Intervarsity-uitslae van die pawiljoen-sitters!

* * *

Lagonda Smit en Hennie van der Walt is gekys—Intervarsity se enkele goeie vrug!




CHRONIESE LOU VERWARMERS?
Stook hom met
**OOSTHUIZEN se KOLE**
**Kerkstraat 104. Tel. 312**


## Die Val van die Maan

**J. C. Ritter was die eerste drukker in Suid-Afrika en in die Suidelike Halfrond. Hy het almanakke gedruk vir 1796 en 1797. 'n Engelsman het die volgende van ons eerste drukpers gesê: „They contrive indeed to publish a sort of almanac, but that of the current year has somewhat suffered in its reputation by having stated an eclipse of the moon to fall on the day preceding the full, and to be invisible, when unluckily for the almanac-maker, it happened at its proper time, visible and nearly total."—(Nou toe nou!—Red.)**

### DANK

**Aan almal wat tydens Intervarsity gehelp het met die verspreiding en voorbereiding van DIE WAPAD, betuig die redaksie sy dank.**

### AFRIKAANSE TAALFEES

(Vervolg van bl. 1)

Afrikaanse Bybelvertaling en die finale triomf van Afrikaans.

'n Groot optog sal Donderdag deur Potchefstroom beweeg. Op die voorpunt sal Voortrekkers wees met vaandels, baniere, slagspreuke, begelei deur 'n kadetorkes van Volkskool. Daarna volg verskillende skole en orkeste en die studente in die volgorde van Landboukollege, P.O.K en die P.U.

#### AANDEEL VAN BANTOE

In 'n onderhoud het Dr. J. A. L. Taljaard, die spil waarom die hele organisasie draai, verklaar dat daar sowat 1,500-2,000 mense by die feesvierings Donderdagaand verwag word. Luidsprekers sal by die saal aangebring word vir mense wat nie binne plek kry nie.

Die fees in Potchefstroom gaan gepaard met 'n Boekeweek by die Openbare Biblioteek. Dit word gereël deur die Estrarte Letterkundige Vereniging van die Universiteit en het reeds Maandag begin en duur tot Donderdag. Daar sal ook voorsiening gemaak word vir 'n uitstalling van Bantoeboeke.

Die aandeel van die Bantoe in die Taalfees word daarin weerspieël dat daar Vrydagoggend om 10 uur by die Ga-Mat'awesaal van die Nuwe Lokasie 'n program van voordragte, kore, liedere en samesprake deur al die Bantoeskole van Potchefstroom aangebied word. Prof. F. J. Labuschagne sal by die geleentheid die feesrede lewer.

'n Puik program wat 'n kosbare aandenking is, is laat druk en is verkrygbaar teen die minimale bedrag van 1/-.

'n Geredigeerde weergawe van die Potchefstroomse Taalfees word Vrydagaand om 10 nm. oor die Afrikaanse sender van die S.A.U.K. uitgesaai.

# Die Taalwonder

Ons vier vanjaar die wonder van ons taal, en daarom is dit goed om vir 'n oomblik na te dink oor hierdie wonder. Die vraag ontstaan: Wat is nou eintlik die veelbesproke wonder van hierdie taal? Hoedanig is die wonder van die geheim van die ontstaan van hierdie enigste Wes-Europese taal wat in die afgelope drie eeue gebore is?

### DIE ONTSTAANSWONDER

Die wonder van die ontstaan van die Afrikaanse taal is dat met die geboorte van 'n nuwe nasie aan die Kaap 'n nuwe kultuurgemeenskap gevestig is wat 'n eie taal ontwikkel het. Die taal moes die draer wees van die kultuurgedagte.

Die wonder van die nuwe taal is dat dit uit 'n verskeidenheid 17de-eeuse Nederlandse taalvorme te voorskyn getree het, en as 'n wesentlike nuwe taal op Afrikaanse bodem spontaan en uit die volk gegroei het. Die Afrikaanse taal is inherent deel van ons volkswording —ons taal is „gans die volk". Dit is asof die volk wakker geskrik het en plotseling besef het: Hier is 'n aparte volksgroep met 'n ander en eie taal as die Nederlands van die 17de en 18de eeu wat hier oorgeplant is.

In die woorde van Langenhoven is die Afrikaanse taal „ons hoogste roem, ons hoogste besitting, die één enigste witmanstaal wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed dra van alles wat ons en ons vadere hier deurleef en deurworstel en deurtriomfeer het; die een band wat ons nasie aanmekaar heg, die uitgedrukte siel van ons volk".

### DIE BESTAANSWONDER

Te midde van al die poginge om die volkstaal te vernederlands en te verengels, te midde van die verguising en miskenning is die bestaan en voortbestaan van Afrikaans 'n wonder.

In weerwil van die inwerking daarop van allerlei tale en taalvorme, het dit sy oorspronklike karakter en patroon nie verloor nie.

Ons woon in 'n tweetalige land, maar die een taal is internasionaal en die ander 'n taal wat met die verdwyning van Suid-Afrika waarskynlik ook sal verdwyn. En tog is dit die inheemse taal, die taal wat gedra word deur skaars twee miljoen sprekers; deel van ons volkseie, wat ookal van herkoms of huistaal mag wees.

Die oorloë en terugslae wat ons volk beleef het, het 'n herskommelling teweeggebring wat 'n eenheidsgevoel en nasiebewuswording laat ontstaan het. Verlore staatkundige vryheid het mense laat veg vir wat nog behou kon word: 'n eie taal. En dit is die teelaarde vir die renaissance van Afrikaans.

Die bestaan van die Afrikaanse taal is 'n geloofsdaad. Tereg kan 'n mens beweer: Die mens wik, maar God beskik.

### SKOONHEIDSWONDER

Die Afrikaanse letterkunde het gegroei van volkse rympies, staaltjies en stories tot 'n ryk geskakeerde literatuur met kunswerke wat dit verhef het tot die voetstuk van ander Dietse literature. En dit alles binne die bestek van skaars vyf-en-sewentig jaar!

Die skoonheid tref ons reeds aan in die tere verlatenheid van „Winternag", deurdring die sterk taal van Malherbe, ons vind dit in die humor en spitsvondigheid van Langenhoven, in die jubeling of terneergeslaenheid van Leipoldt, die innigheid van Van den Heever en bereik sy hoogtepunt in die wye verkenning en universeel-menslike belewinge van die Louws, Opperman en Elisabeth Eybers.

### SLOT

Afrikaans het gegroei tot regeringstaal, onderwystaal en op ekonomiese, maatskaplike en sportgebied verower dit steeds terrein.

Voorwaar 'n prestasie vir Afrikaans is dat dit een van die vyf tale ter wêreld is waarin die Bybel in Braille bekombaar is. Die ander is Engels, Duits, Frans en Japannees.

Dit is die wonder van Afrikaans dat dit uit die volk vir die volk gebore is, die taal van die hart van die Afrikaner: die taal waarmee hy bid, waarmee hy regeer en waarmee hy omgaan.

### STEREOFONIESE KLANK

(Vervolg van bl. 4)

toon 'n dergelike geruis nie); of die geruis egter aan 'n gebrek by die druk of sny van die plaat toegeskrywe moet word, dan wel aan eventuele beskadiging in een of ander fase, was nie moontlik om vas te stel nie, en vir 'n populêre en algemene brokkie uit die kunswêreld nie nodig geag nie.

Uit die baie uitstekende opnames by die betrokke firma verkrygbaar, kon uiteraard slegs enkele genoem word. Die keuse van die betrokke twee opnames vir aanbeveling is enersyds bepaal deur die tegniese sy van die opname en andersyds deur die aard van die musiek van hierdie opnames wat m.i. die besondere kwaliteite van stereofoniese klank uiters effektief aan die lig laat tree; dat daar ander uitmuntende opnames bestaan, word nie betwyfel nie; die bespreking verwys egter uitdruklik na die voorraad beskikbaar by die betrokke firma, en is nie as 'n algemene stelling of beoordeling interpreteer nie.

## Boeke! Boeke!

**Sangiro se UIT OERWOUD EN VLAKTE het in 1921 verskyn. Twintig jaar later het dit sy 24ste druk beleef, 'n oplaag van 57,000. Van Langenhoven se SONDE MET DIE BURE het 22 drukke verskyn, TREKKERSWEË van Totius is in 1939 vir die 14de keer herdruk. Helena F. Lochner het 61 kinderboeke geskryf, Langenhoven het 53 boeke geskryf, Leipoldt 40, en Melt Brink 38.**

**Die blanke bevolking van Suid-Afrika het in 1958 boeke ter waarde van £6 miljoen aangekoop. Dis glo 'n wêreldrekord in boeke-aankoop per kop van die bevolking.**

## Afrikaans!

**Voordat Afrikaans so genoem is, het dit verskillende ander name gehad, bv. Kaaps-Hollands, Dopper-Hollands, Afrikaans - Hollands, Patterjots, Kombuistaal, Hotnotstaal en The Taal. Dit is ook bestempel as Plat-Hollands of Laag-Hollands, omdat dit 'n verbasterde taal sou wees, wat alle grammatiese fynhede mis.**


Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO

S & S
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

**Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134**
**POTCH MINERAL WATERS**






Vir u
- **FIETSE**
- **BROMFIETSE**
- **MOTORFIETSE**
- **TIKMASJIENE**

**ens.,**

Kom na—

**J. HEIDEMA**
**POTCHEFSTROOM**
**Telefoon 364.** **Kerkstraat 48.**

# Intervarsitie Verloor . .

## *Wat Nou . . . ?*

INTERVARSITY 1959 IS VERBY. DIE PUK HET VERLOOR EN DIE GROOTSTE TELLING WAT NOG IN DIE REEKS OPGESTAPEL IS, IS TEEN HULLE AANGETEKEN. SONDER OM VERSKONING TE MAAK VIR FLATERS EN ONOORDEELKUNDIGE SPEL AAN DIE KANT VAN DIE PUKKE, HET HULLE VERLOOR TEEN 'N SPAN WAARTEEN HULLE NIE BESTAND WAS NIE, EN SELF NIE GEBRUIK GEMAAK HET VAN HULLE GELEENTHEDE TOE HULLE KON NIE.

U.O.V.S. het die botsing gewen omdat hulle tevrede was om die Pukke te laat skrum—so te laat skrum en spook dat toe hulle (U.V.) die patroon begin voorskryf in die tweede helfte, die Pukke tam in die knieë was en geen teenvoeter gehad het nie. Die Kovsies het rugby op die Franse patroon gespeel en geleenthede geskep toe die tyd ryp was. Die Pukke was net nie bestand teen die skitterende ondersteuning en samespel van die Bloemfonteiners nie, en toe die Kovsies met die Pukke se eie wapen—samespel en saamjag—hulle oorskadu, was die Puk magteloos.

### Ligawedstryde

Vir die Puk lê die ligareeks, waarin hulle tans bo aan die puntelys staan, nog voor. Die rugbyseisoen is nog nie verby nie. Die Pukke het vanjaar al goeie voetbal gespeel, en daarom is daar nou geen rede vir mismoedigheid nie.

Puk het Saterdag nie swak vertoon nie; daardie kenmerkende en uiterste kragpoging kon net nie voor die dag kom nie. En elke span beleef sulke dae. U.O.V.S. het gewen omdat hulle 'n sterker span was as die Puk, en die Puk het verloor omdat daardie ekstra vuur wat 'n wedstryd van die een kant na die ander laat swaai, afwesig was.

### Gebrek Aan Belangstelling

Soos in vorige jare het die gebrek aan belangstelling reeds Maandag kop uitgesteek. Toe was daar sowat veertig gereelde spelers waarvan omtrent vyf beseer was. Waar was al die ander Pukke?

Kan ons nie meer 'n nederlaag dra nie? Is die harde rugbydae van die Louws en die Morkels werklik verby toe n' nederlaag op die rugbyveld teen die All Blacks net 'n groter aansporing was om alles in die stryd te werp om te wen? Hoeveel spelers het besluit om aan te hou speel ten spyte daarvan dat hulle geen promosie na 'n hoër span gekry het nie? As dit die na-gees van Intervarsity is, kan ons gerus begin dink aan 'n ander spel as voetbal—dalk iets vir die sitkamer . . .?

Want voetbal word nie net gespeel om te wen nie, maar ter wille van die spel: die ontspanning, die genot en die gesonde wedywering.

Wanner die spel nie meer hoofsaak is nie, kan ons dit gerus laat vaar . . .

Die Pukke kan nie kla dat daar Saterdag geen ondersteuning van die pawiljoen gekom het nie: hulle het die Kovsies moeg gesing. Op die veld het hulle verloor teen 'n beter span, 'n span wat voortreflik saamgespeel het. En 'n goeie verloorder verloor nie moed as hy regverdig verloor nie!

Daarom, Pukke, die voetbalseisoen lê nog voor die deur. Die liga kan nog deur Frans de Bruyn se manne gebuit word. Gooi dus by elke span volle gewig in!

E. VAN DER WESTHUIZEN.

**STAND VAN SPANNE IN WES-TRANSVAAL**

Die huidige stand van spanne om die Neserbeker is soos volg:

| | S. | W. | V. | G. | P. |
|---|---|---|---|---|---|
| Universiteit ...... ...... | 5 | 4 | 1 | 0 | 8 |
| Potchefstroom ...... | 4 | 3 | 1 | 0 | 6 |
| Normaal ...... ...... ...... | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Lichtenburg ...... ...... | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Strathvaal ...... ...... | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Gldfields ...... ...... ...... | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Klerksdorp ...... ...... | 4 | 1 | 3 | 0 | 2 |
| Western Reefs ...... | 4 | 1 | 3 | 0 | 2 |

# Belangrike Neserbekerwedstryd

## DORP SAL MOET KEER

'n Harde stryd word in die vooruitsig gestel wanneer die Pukke Maandagmiddag teen Johan Claassen se Dorpspan op die veld draf. Dit is 'n wedstryd wat moontlik die tuiste van die Neserbeker sal bepaal. Albei spanne het tot dusver nog net een wedstryd in die liga verloor, en die uitslag sal die wenner in 'n gunstige posisie plaas—'n voorsprong wat moeilik deur die ander span ingehaal sal kan word.

Dit is die tweede botsing tussen die twee spanne. Dorp het die eerste gewen, maar die Pukke is vasbeslote om weerwraak te neem. Daarby sal hulle wil vergoed vir die nederlaag teen die Kovsies.

Die spanne weeg besonder goed teen mekaar op. Dorp se voorhoede is bekend vir hulle harde spel en die Pukke sal in hierdie afdeling dalk tevrede moet wees om tweede viool te speel. Putter, Claassen, Bezuidenhout en die ander manne kan die wêreld vir enige span moeilik maak. Hier sal die Puk hulle dus deeglik moet ken as hulle die bal wil bemeester. Die Puk se voorspelers is natuurlik self 'n woelige pak wat elke span laat sweet om besit van die bal.

Wat die agterlyne betref, beskik die studente nie alleen oor 'n briljante skakel- en senterpaar nie, maar ook oor twee gewillige vleuels. Daarby is Toy Dannhauser nie alleen 'n man wat met sy skoen baie gebiedsvoordeel kan behaal nie, maar hy is ook 'n goeie verdediger en gevaarlik as hy by die agterlyn aansluit.

'n Taai stryd word dus tussen die voorspelers in die vooruitsig gestel. Die Dorpspan se gedugte voorhoede kan die spel beheer, maar as die Puk met die bal begin hardloop, sal Dorp moet keer om nie geklop te word nie.


## Hoeveel Springbokke ?

Sportskrywers in Suid-Afrika is dit nie eens oor hoeveel Suid-Afrikaanse atlete aan die nuwe Olimpiese standaarde voldoen nie. Die Internasionale Atletiekfederasie het onlangs die standaarde verhoog om te verhoed dat derderange atlete na die Olimpiese Spele gestuur word.

Een sportskrywer het die getal op sewe gestel terwyl 'n ander een verklaar het dat tien atlete kwalifiseer. Arrie Joubert, van **Die Burger**, een van die grootste atletiekkenners in die land, plaas die getal op veertien en hy keur die atlete volgens hulle vertonings die afgelope vyftien maande.

Die veertien atlete is John Luxon, Gordon Day, Judge Jeffreys, Malcolm Spence,, Gerald Evans, Gert Potgieter, Poena Malan, Danie Burger, Donald MacDonald, Fanie du Plessis, Magdel Myburgh, Hermina Geyser, Elaine Winter en Kobus Swart.

Intussen het Elaine Winter en Kobus Swart hulle egter aan groot atletiek onttrek sodat net twaalf atlete kwalifiseer. Dit beteken ook dat bekende atlete soos Hannes Botha, Peter Thorburn, Franco Malan, Eugene Peel en Gail Hodgson (wat in Amerika studeer) nie kwalifiseer nie.


DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTERGROOTTE

Rembrandt MEESTERS

FILTER DE LUXE

RMFA 16

**Kom Kyk!!**

35mm. KAMERAS se pryse nou vanaf £9/19/6

(P.V.S. Shutter 1 sek.—1/250 van sek.)

Films ...... ...... ...... ...... ...... 4/9

**Ons los al u fotografiese probleme op.**

**Beyers Claassen**

**Lombardstr. 52**

**Telefoon 455**

**Geen Verwarmers toegelaat?!**

Ontsteek 'n hopie KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van

**Stander & Linder**

**Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367**

**in u kamer!**





**AITSA!**

**As die DAMES so sê Koop die Jongeheer sy klere by—**

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Tel. 1 POTCHEFSTROOM.

**J. du Raan**

**HORLOSIEMAKER EN JUWELIER**

Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.

**KERKSTRAAT 161**

**SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE**


Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom